



Munisipaliteit  
Municipality  
Umasipala

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, VIRTUEEL GEHOU OP DINSDAG, 25 AUGUSTUS 2020 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdl M A Rangasamy

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen

Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)

Bess, D G (DA)

Daniels, C (DA)

De Beer, J M (DA)

Humphreys, F S (ANC)

Mfutwana, L E (EFF)

Penxa, B J (ANC)

Philander, D B (ANC)

Smit, N (DA)

Sneewe, A M (ANC)

Solomons, P E (DA)

Stanley, B J (DA)

Stemele, O M (DA)

Van der Westhuizen, R F (DA)

Van Zyl, M (DA)

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die Speaker versoek die Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath, om die vergadering met skriflesing en gebed te open.

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede wat die afgelope tyd verjaar het.

Die Speaker reël dat indien 'n raadslid vir 'n vergadering van die Raad verskoning aanteken ingevolge die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake die Hou van Vergaderings, PK 7501 gedateer 2 Oktober 2015, 'n kort verduideliking voorsien word waarom die lid nie die vergadering kan bywoon nie.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle E S M Maart, E C O'Kennedy en C H Papers.

**BESLUIT** dat kennis geneem word dat rdle V D McQuire en N S Zatu afwesig is sonder verlof.

**3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

Geen

**4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING**

4.1/...

#### 4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 30 JULIE 2020

##### BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 30 Julie 2020 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

#### 5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

##### BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

##### 5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 19 JUNIE 2020

##### 5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 15 JULIE 2020

#### 6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

##### BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

##### 6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 9 JUNIE 2020

##### 6.2 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 30 JUNIE 2020

#### 7. SAKE VIR BESPREKING

##### 7.1 GOEDKEURING VAN DIE 2020/2021 OORROL AANSUIWERINGSKAPITAAL EN –BEDRYFSBEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 2020/21)

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat die oorweging van die 2020/2021 Oorrol Aansuiweringskapitaal- en bedryfsbegroting 'n spesiale vergunning van die Nasionale en Provinsiale Tesourie is, gegewe (1) projekte befonds uit die 2019/2020 finansiële jaar nie gedurende die aanvanklike streng nasionale grendeltydperk voltooi kon word nie, ingesluit die RSEP en behuisingsprojekte en (2) gewysigde nasionale en provinsiale toekennings, onder andere, 'n verhoging in die Deernissubsidie.

Op navraag van rdl D B Philander insake aspekte in die Oorrol Aansuiweringsbegroting, bevestig die Munisipale Bestuurder dat die nodige inligting insake die aankoop van die Standard Bank-gebou teen R6 miljoen op skrif deurgegee sal word.

Die Munisipale Bestuurder bevestig verder dat die vrystellingsaansoek ten opsigte van die vrystelling van salarisverhogings vir die 2020/2021 finansiële jaar nie in Julie aangehoor kon word weens inligting wat deur die vakbonde aangevra is waarop uitklaring verkry moet word. Die aanhoor van die aansoek is dus uitgestel na September 2020.

Ten opsigte van die navraag van rdl D B Philander insake die aankoop van grond in Moorreesburg en Riebeek Kasteel, noem die Munisipale Bestuurder dat die rasionaal is om grond beskikbaar te hê vir toekomstige gesubsidieerde behuisingsprojekte in die betrokke dorpe.

Die Speaker/...

7.1/...

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit beslis (in die afwesigheid van vyf raadslede) met 12 stemme ten gunste van die goedkeuring van die 2020/2021 Oorrol Aansuiweringskapitaal en –bedryfsbegroting en ses raadslede wat buite stemming bly.

### BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het om verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure te oorweeg;
- (b) Dat die Raad in ag neem dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2020/2021 finansiële jaar nie, maar sal lei tot 'n vermindering in die oorspronklike begrote tekort (uitgesluit kapitale toekennings en ontwikkelingsbydraes) van R14 747 267 na R1 929 267;
- (c) Dat die Raad in ag neem dat die 2020/2021 oorrol aansuiweringsbegroting nie 'n impak het op die 2021/2022 en 2022/2023 buite finansiële jare soos goedgekeur op 28 Mei 2020 nie;
- (d) Dat goedkeuring verleen word vir die oorrol van ongespandeerde RSEP befondsing soos goedgekeur deur Provinsiale Tesourie ten opsigte van die 2019/2020 finansiële jaar ten bedrae van R3 186 291 wat die RSEP befondsde projekte sal verhoog na R6 186 291;
- (e) Dat goedkeuring ook verleen word vir die oorrol van ongespandeerde fondse van Menslike Nedersettings soos goedgekeur deur Provinsiale Tesourie ten opsigte van die 2019/2020 finansiële jaar, vir die bedrag van R11 650 116 en die oorrol van eie fondse (CRR) vir die bedrag van R6 397 406;
- (f) Dat die aangepaste begrotingskedule soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word, soos in **(Annexure B: Budget Report and B-Schedules 2020/21 – 2022/23)** uiteengesit sowel as die regstellings aan die 2020/2021 oorspronklike begrotingskedules wat tydens die verifikasieproses geïdentifiseer is;
- (g) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die statutêre vereistes van die MFMA en dienooreenkomstig Nasionale en Provinsiale Tesourie inlig;
- (h) Dat die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word;
- (i) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2020/2021 as volg te wysig:

	Oorspronklike Begroting 2020/21	Oorrol Aansuiwerings begroting 2020/21	Oorspronklike Begroting 2021/22	Oorspronklike Begroting 2022/23
Kapitaalbegroting	212 435 837	213 132 732	137 639 479	137 710 243
Bedryfsuitgawes	810 670 080	811 033 080	889 949 652	924 976 102
Bedryfsinkomste	882 786 413	890 266 902	928 907 555	998 866 120
<b>Begrote (Surplus)/ Tekort</b>	<b>(72 116 333)</b>	<b>(79 233 822)</b>	<b>(38 957 903)</b>	<b>(73 890 018)</b>
Minus: Kapitaal Toekennings, Donasies & Ontwikkelingsbydraes	86 863 600	81 163 089	28 897 050	66 713 153
<b>(Surplus)/ Tekort</b>	<b>14 747 267</b>	<b>1 929 267</b>	<b>(10 060 853)</b>	<b>(7 176 865)</b>

7.2/...

## **7.2 GOEDKEURING VAN DIE TYDSKEDULE VAN DIE 3<sup>DE</sup> HERSIENING VAN DIE 2017-2022 GOP EN OPSTEL VAN JAARLIKSE BEGROTING (2/1/4/4/1)**

Die burgemeester moet ingevolge artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) ten minste tien maande voor die begin van die begrotingsjaar 'n tydskedule aan die Raad voorlê met sleutel sperdatums insake die hersiening van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en begrotingsproses.

Die tydskedule vir die 4<sup>de</sup> hersiening van die 2017-2022 GOP en die opstel van die jaarlikse begroting is met die sakelys gesirkuleer.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

- (a) Dat die tydskedule vir die 4<sup>de</sup> hersiening van die 2017-2022 GOP en die opstel van die jaarlikse begroting kragtens artikel 21(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, goedgekeur word;
- (b) Dat die Provinsiale Tesourie en die Departement van Plaaslike Regering in kennis gestel word van die voldoening aan artikel 21(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur en van afskrifte van die tydskedule voorsien word;

## **7.3 2021 VERGADERINGSKEDULE (3/4/2/1)**

Die konsep 2021 Vergaderingskedule is met die sakelys gesirkuleer.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl P E Solomons, gesekondeer deur rdh B J Stanley)

- (a) Dat die voorgestelde vergaderingskedule vir 2021 aanvaar word;
- (b) Dat die datums vir publieke insae in die plaaslike media gepubliseer word, asook op die munisipale webtuiste op 'n halfjaarlikse basis;
- (c) Dat elke raadslid van die finale skedule voorsien word, sowel as die Weskus Distriksmunisipaliteit vir beplanningsdoeleindes;
- (d) Dat die vergaderingskedule ook aan SALGA en die Provinsiale Departement van Plaaslike Bestuur voorsien word.

**GETEKEN:  
SPEAKER**